# steedsHervormers

**VOORSITTER**
Dr J Otto
Tel: 012 734 1374
Sel: 082 767 7891
Epos: jotto1@absamail.co.za

**SKRIBA**
Ds FNS Marais

Sel: 082 747 4847
Epos: fransnhk@gmail.com
Posbus 910 303
Pyramid
Pretoria
0120

---

28 Maart 2012

| | |
|---|---|
| Vir aandag: | Bemiddelingskomitee |
| | Dr PB Boshoff |
| Vir kennisname: | Kommissie van die Algemene Kerkvergadering |
| | Dr FJ Labuschagne |

**AKKOMMODASIE VAN steedsHervormers BINNE DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA**

U skrywe van 27 Maart 2012 het betrekking.

Uit u skrywe blyk dit dat die Kommissie van die AKV besluit en u pas die besluit toe. Dit maak u 'n verlengstuk van die KommAKV. U kan nie bemiddel vanuit 'n toepassingsposisie nie.

U volhard met die gedagte van 'n reglement en stel dit nou selfs as voorwaarde. Dit is onaanvaarbaar.

Reeds tydens die tweede gesprek het ons voorsitter u herhaaldelik daarop gewys dat daar eers sekere beginselbesluite geneem moes word. Dr Labuschagne het volhard met die gesprek gesentreer rondom opeenvolgende sake van 'n konsepreglement, wat uit u geledere op die dag van gesprek, ter tafel gebring is. Enige reglement wat nie gebou is op vaste beginsels nie, maak geen sin nie.

U weet wat ons bedoel by akkommodasie. ***Lidmaatskap aan lidmate en gemeentes van steedsHervormers deur middel van konfessionele bond.*** Gee ons daaroor en oor ander sake soos duidelik in die eerste gesprek uitgespel 'n beginselbesluit en dan kan ons vorder.

Die sperdatum gestel deur die Kommissie en deur u afgedwing sal nie enige vrugte oplewer nie.

Ds FNS Marais.
Skriba
steedsHervormers